
# PAASTYD

## HUISGELOOF

**Paastyd is 50 dae lank - 40 dae na Paasfees is dit Hemelvaart en 10 dae later vier ons Pinksterfees.** Laai die DinkJeug Families app af en gebruik dit om daagliks saam te luister, lees, gesels en te bid.



## DiE LEWENDE STEEN

## 1 PETRUS 2

### OMGEE

Gebruik blokkies en kies elkeen een. Antwoord dan die vraag:

- **Rooi:** Gunsteling Bybelstorie
- **Blou:** Eienskap of Naam van Jesus waarvan ek hou
- **Groen:** Gunsteling geestelike of P&W liedjie
- **Geel/wit:** Gunsteling Bybelkarakter (buiten Jesus)
- **Oranje:** ‘n Woord of teks wat vir my baie beteken
- **Bruin:** Iets waarvoor ek bid
- **Swart:** Persoon wat my baie oor geloof geleer het

### GESELS

Hier word ‘n metafoor gebruik om ons identiteit in Christus te verduidelik.

**Lees: 1 Pet 2:1-10**

- Hoekom word Jesus vergelyk met ‘n “hoeksteen” en ons met “lewende stene”?
- Hoe word ons opgebou in geloof?
- Wat het jy nodig om te groei?


### DOEN

Skryf op die blokkies met ‘n khoki die woorde van 1 Pet 2: 5a. Gebruik nou julle blokkies om ‘n muur te bou. Gesels oor hoe julle mekaar in die huis kan help.

Stuur vandag die skakel van die DinkJeug Families App aan ‘n ander gesin.

### BID

Hoeveel knoppies het jou blokkie gehad? Bid nou vir soveel van jou vriende of familie.



DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: